**IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA**
**VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN**

Appèlnr. : A3/2014

In die appèl van:-

**MODISE ARTHUR MOTHULI** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** VAN DER MERWE, R *et* JAJI, WnR

---

**AANGEHOOR OP:** 12 MEI 2014

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 15 MEI 2014

---

[1] Die appellant, 'n 23-jarige man, het in die streekhof te Kroonstad tereggestaan op drie aanklagte van verkragting (aanklag 1, 2 en 4) en een van roof met verswarende omstandighede (aanklag 3). Aanklag 3 is by die aanvang van die verhoor teruggetrek, waarna die appellant skuldig gepleit het op aanklag 1, 2 en 4. Hy is dienooreenkomstig skuldig bevind en is soos volg gevonnis op 23 Mei 2013:

Aanklag 1: Tien (10) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 2: Dertig (30) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 4: Dertig (30) jaar gevangenisstraf wat in geheel opgeskort is vir vyf jaar op voorwaarde dat die appellant nie skuldig bevind word aan verkragting of ‘n misdryf wat ‘n bevoegde uitspraak is op ‘n aanklag van verkragting en wat gepleeg word gedurende die tydperk van opskorting nie.

Die appellant appelleer teen hierdie vonnisse, met verlof van die verhoorhof.

[2] Die omstandighede van die misdryf vermeld in aanklag 1 is dat die appellant die klaagster in die vroeë oggendure van 8 Mei 2010 in die straat sien loop het en dat hy haar toe gedwing het om met hom gemeenskap te hou. Die omstandighede van die misdryf vermeld in aanklag 2 is dat die appellant en ‘n vriend van hom op 26 Maart 2011 vir die klaagster en ‘n vriend van haar in die straat teëgekom het. Die klaagster se vriend het weggehardloop, waarna die appellant en sy vriend die klaagster gevang het. Die appellant het toe met haar gemeenskap gehad sonder haar toestemming. Daarna het sy vriend haar verkrag, waarna die appellant weer met die klaagster sonder haar toestemming gemeenskap gehad het. Die omstandighede van die pleging van die misdryf vermeld in aanklag 4 was dat die appellant op 9 April 2011 die 15-jarige klaagster alleen in die straat sien loop het, waarna hy haar na die agterkant van ‘n huis geneem het en verkrag het.

[3] Hieruit blyk dat ten aansien van aanklag 2 die slagoffer meer as een keer deur die beskuldigde en sy mededader verkrag is en dat ten aansien van aanklag 4 die slagoffer 'n meisie onder die ouderdom van 16 jaar was. Boonop was die appellant by die verhoor 'n persoon wat skuldig bevind was aan twee of meer misdrywe van verkragting, maar wat nog nie ten opsigte van sodanige skuldigbevindings gevonnis is nie. Dit volg dat al drie misdrywe waaraan die appellant skuldig bevind is op een of meer grondslag omskryf word in Deel I van Bylae 2 tot die Strafregwysingswet, Nr 105 van 1997 (die Wet). Dit volg ook dat ten aansien van elk van aanklag 1, 2 en 4 'n minimum vonnis van lewenslange gevangenisstraf deur die Wet voorgeskryf is.

[4] Die verhoorhof het bevind dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede ten opsigte van die drie misdrywe aanwesig was nie. Nogtans het die verhoorhof die voormelde vonnisse opgelê. Hierdie vonnisse is die gevolg van wesenlike wanvoorligtings.

[5] Eerstens maak artikel 51(1) van die Wet dit duidelik dat ten opsigte van misdrywe vermeld in Deel I van Bylae 2 tot die Wet, 'n hof verplig is om lewenslange gevangenisstraf op te lê tensy wesenlike of dwingende omstandighede 'n mindere vonnis regverdig of tensy die oortreder ten tye van pleging van die misdryf onder die ouderdom van 18 jaar was.

[6] Tweedens, die staatsaanklaer het aan die verhoorhof voorgehou dat "…dit wyd in die media berig is" dat 'n

persoon wat 'n vonnis van lewenslange gevangenisstraf opgelê is, na "twaalf jaar en agt maande" in aanmerking kom vir parool en, omdat vonnisse van lewenslange gevangenisstraf samelopend uitgedien word, dit beteken dat al sou die appellant meer as een vonnis van lewenslange gevangenisstraf opgelê word, hy slegs die gemelde twaalf jaar en agt maande in die gevangenisstraf mag deurbring. Die verhoorhof het hierdie argument aanvaar. Dit is duidelik dat die verhoorhof 'n effektiewe vonnis van 40 jaar gevangenisstraf opgelê het op die aanvaarding dat dit die appellant langer in die gevangenis sou hou as 'n vonnis van lewenslange gevangenisstraf. Hoe hierdie argument aangevoer of aanvaar kon word, is moeilik om te begryp. Dit is herhaaldelik beslis dat dit 'n wanvoorligting is om by vonnisoplegging as waarskynlikheid in ag te neem dat die gevonnisde op 'n bepaalde stadium op parool vrygelaat sal word. Sien **S v S** 1987 (2) SA 307 (A) op 313 H – I. Boonop bepaal artikel 73(6)(b)(iv) van die Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998 duidelik dat 'n persoon wat gevonnis is tot lewenslange gevangenisstraf nie op parool geplaas mag word voordat hy of sy ten minste 25 jaar van die vonnis uitgedien het nie.

[7] Derdens, alhoewel ek verstaan dat die verhoorhof gepoog het om die kumulatiewe effek van meerdere vonnisse te versag, is dit in die algemeen onvanpas om langtermyn gevangenisstraf in geheel of grootliks op te skort. Sien byvoorbeeld **Attorney-General Eastern Cape v D** 1997 (1) SASV 473 (OK) op 478 c – d. In die onderhawige geval is dit

totaal onvanpas om ‘n geheel opgeskorte vonnis op te lê vir ‘n misdryf so ernstig as die een vermeld in aanklag 4.

[8] Gevolglik moet al drie vonnisse tersyde gestel word en opnuut oorweeg word. Namens die appellant is gevra dat die saak na die verhoorhof terugverwys word vir hierdie doel. Die advokaat vir die respondent het hierdie versoek ondersteun. Ek meen dat aan die versoek voldoen moet word. Die appellant staar drie vonnisse van lewenslange gevangenisstraf in die gesig en ek het die duidelike indruk dat in die omstandighede wat geheers het, die kwessie van wesenlike en dwingende omstandighede nie in die verhoorhof die aandag geniet het wat dit verdien het nie.

[9] Gevolglik word die volgende bevel verleen:

1. Die appèl slaag.
2. Die vonnisse op aanklagte 1, 2 en 4 word tersyde gestel.
3. Die saak word na die verhoorhof terugverwys om opnuut vonnis op te lê.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**N.P. JAJI, WnR**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Me S. Kruger<br>In opdrag van:<br>Bloemfontein Regsentrum<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens respondent: | Adv W.J. Harrington<br>In opdrag van:<br>Direkteur Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/spieterse